**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS ORDINARY LEVEL 4101/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing — 2 hours 30 minutes

Marks 70 — **2019**

Additional Materials: Answer Book

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Answer **all** questions.
- You should pay attention to spelling, punctuation and handwriting.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Beantwoord **al** die vrae.
- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en handskrif.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

ORDINARY LEVEL

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING A

Lees leesstuk 1 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Leesstuk 1**

**"Ek sal verkies om skrywend dood te gaan, jy weet"** - Willemien Brümmer

Die Stellenbosse oggend is wolkloos en op pad na skroeiwarm, en PG doen dit waarmee hy die beste is: spekskiet op die deinserige grens tussen humor en erns.

Hy skerts met sy skrywersvriend Hans du Plessis oor die foon terwyl hy onderlangs loer of sy woorde die gepaste uitwerking het. "Hulle het ’n junior gestuur vir die onderhoud. Sy vra die simpelste vrae, maar sy’s baie sag op die oog."

In ’n hoekie buite hoorafstand sit sy vrou, Marie, en drink haar tee. Die doktor (hy’t sy doktorsgraad in die letterkunde onder NP van Wyk Louw gekry) het ’n nare rookgewoonte en steek die een sigaret na die ander op. Af en toe noem hy sy gespreksgenote "my lief".

"Elk geval, my lief, ek’s bly jy tref my nie sterwend aan nie."

Die kanker wat sowat vyf jaar gelede by hom gediagnoseer is, het egter "niks met die lesers te doen nie," knor hy.

Vrydagaand het sy immergroen treffer, *Siener in die Suburbs*, in die Spier-amfiteater geopen – die eerste keer met ’n eg Kaapse baadjie en ’n sterbelaaide bruin rolverdeling.

Byna 44 jaar sedert *Siener* se première in die Breytenbach-teater in Pretoria met Sandra Prinsloo en Marius Weyers in die hoofrolle, het die gehoor soos een man opgestaan.

"Ek het ’n geloof dat as ’n storie goed is, kan jy hom in enige gemeenskap speel," sê hy heel in sy noppies oor dié produksie van sy Hertzogprys-bekroonde drama.

Destyds toe hy *Siener* geskryf het, is hy pas aangestel as direkteur van die nuutgestigte Instituut vir Taal, Lettere en Kuns by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Op toer vir die RGN het hy dié drama op lughawens geskryf.

*Siener* het sy ontstaan gehad in die jare toe hy by die Hoërskool Fakkel in die suidelike voorstede van Johannesburg skoolgehou het. Daar was ’n "Tiemie" in sy klas – "een van die mooiste meisies wat ek nóg in my lewe gesien het." ’n Paar jaar later is sy net in haar nagrok by ’n mynhoop gesien, voos geslaan waar sy vir ’n man gevlug het.

"Ek het self in die suburbs gewoon, in Forest Hill. Toe kom die skoolhoof se dogter uit Engeland uit en ek gaan haal haar vir pluimbal die aand. Toe ek haar sien loop in ’n kortbroekie was ek nooit weer dieselfde nie," sê hy en loer oor sy bril na Marie waar sy steeds in die oggendson sit en bak.

"Ons is nou 55 jaar getroud en dis die beste ding wat nóg met my gebeur het. Sy vat my nie kop toe nie. Sy’t twee groot besluite geneem: Een is sy en my kinders bly uit my bekendheid uit, want ons het te veel van my kollegas se kinders gesien wat verkeerd gaan sodra hulle ’n bietjie bekend word. Die ander ene is toe ek vir haar vra: Kan jy saam met my arm wees? Ek wil gaan skryf."

Sedertdien het hy reeds bykans al die groot pryse in die letterkundige arsenaal gewen – met tydlose treffers soos *Fees van die Ongenooides*, *Nag van Legio* en die legendariese

TV-reeks *Koöperasiestories* agter sy naam.

Oor sy Boere-oorlog-magnum opus, wat al beskryf is as dié Groot Afrikaanse Roman, sê hy: "Oor één ding is ek dankbaar en dis dat ek die genade gekry het om *Fees van die Ongenooides* (2008) klaar te skryf.

"Toe ek *Siener* geskryf het, was dit die grootste waagstuk nóg. Besef jy dit? Hierdie ouens wat so al die goed praat, was ongehóórd in die Afrikaanse letterkunde. Maar ek het op die randjie van mislukking geloop en gewen!"

Vandag skryf hy steeds soveel as wat hy kan, al het die kanker hom "so 'n bietjie teruggesit." Hy's halfpad met 'n musiekblyspel oor die duiwel en hy't al 80 bladsye aan 'n roman geskryf.

Na die Woordfees keer hy en Marie terug na hul plaas aan die Mooirivier by Rysmierbult en hul huis wat al 'n eeu staan. Hier werk hy in sy studeerkamer wat hy van klip gebou het.

Soos 'n sonstraal kom sy "ander dogter", Alexa Strachan, vervaardiger van *Siener in die Suburbs*, die tuin in. Die gesprek is op 'n einde.

Hy groet soos 'n galante heer by die voordeur. Hy is skielik net Pieter Georg du Plessis wat weet "sommer hier anderkant moet iets gebeur." 'n Mens moet ook maar vrede maak met die kortheid van jou dae.

*(Verkort uit http://www.netwerk24.com/Stemme/Profiele/PG-du-Plessis-Tagtig)*

Skryf by vraag **1** tot **3** telkens slegs die nommer van die korrekte antwoord in jou antwoordboek (**bv. 1 b**).

**1** Waar bevind PG en sy vrou hulle ten tye van die onderhoud?

**A** By die Hoërskool Fakkel

**B** In sy studeerkamer

**C** Op hulle plaas

**D** Op Stellenbosch [1]

**2** Hoekom voel PG dat hy met die skryf van *Siener* op die randjie van mislukking geloop het?

**A** Daar was 'n "Tiemie" in sy klas wat voos geslaan is deur 'n man.

**B** Die tema en taalgebruik was nie op daardie stadium aanvaarbaar nie.

**C** Dit kon sy loopbaan in die onderwys benadeel.

**D** Kanker het hom 'n bietjie teruggesit. [1]

**3** PG du Plessis se uitspraak "sommer hier anderkant moet iets gebeur" (laaste paragraaf) verwys daarna dat

**A** hy binnekort 'n musiekblyspel oor die duiwel gaan voltooi.

**B** hulle gaan terugkeer na hulle plaas by Rysmierbult.

**C** PG weet hy het nie meer lank om te leef nie.

**D** *Siener* weer in die Kaap opgevoer gaan word. [1]

**4** Na watter **twee** aspekte verwys die woord *sterbelaaide* in paragraaf 6? [2]

**5** Kan ons uit die onderhoud aflei dat PG 'n gelukkige huwelik gehad het? Gee ten minste **twee** redes vir jou antwoord. [3]

**6** Wat het PG se werke *Fees van die Ongenooides*, *Nag van Legio* en *Koöperasiestories* in gemeen? Noem **twee** feite. [2]

**[10]**

**7** Jy het 'n onderhoud met PG du Plessis gevoer oor sy treffer *Siener in die Suburbs*. Skryf die onderhoud in die vorm van 'n dialoog

Jy moet van die inligting in die leesstuk gebruik maak en die inhoudsgedeelte moet ongeveer **200** woorde lank wees.

**[20]**

## AFDELING B

Lees leesstuk 2 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Leesstuk 2**

**PG du Plessis (1934-2017)** - Erika Terblanche

Pieter Georg du Plessis is op 14 Julie 1934 op Boshof in die Vrystaat gebore. Hy gaan skool op Cornelia in die Vrystaat en Heidelberg in Gauteng, waar hy aan die Hoër Volkskool matrikuleer.

Na matriek is hy na die Universiteit van Pretoria en behaal in 1955 sy BA-graad met Afrikaans-Nederlands en geskiedenis as hoofvakke. In 1957 verwerf hy sy onderwysdiploma aan die Pretoriase Onderwyskollege en begin skoolhou aan die Hoërskool Fakkel in Johannesburg.

In 1960 behaal hy sy BA Honneursgraad aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits). Na ’n jaar as lektor aan die Johannesburgse Onderwyskollege word hy bevorder tot senior lektor in Afrikaans en Nederlands aan Wits. Intussen behaal hy in 1966 sy doktorsgraad met sy proefskrif “Die verwysing in die letterkunde” onder NP Van Wyk Louw.

In 1970 word PG by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangestel as direkteur van die nuutgestigte Instituut vir Taal, Lettere en Kuns. Een van die eerste take van die Instituut was ’n ondersoek na die stand van Afrikaans.

In Oktober 1974 word hy eindredakteur van *Standpunte*, totdat hy in 1976 uittree. In 1978 word hy assistentredakteur van *Die Transvaler* en later, in 1979, redakteur van *Hoofstad*. In Februarie 1983 verlaat hy die heeltydse diens van Perskor, uitgewer van *Hoofstad*, maar bly nog aan as medewerker.

PG du Plessis debuteer in 1969 met die drama *Die nag van Legio*. Hierdie drama besorg saam met *Siener in die suburbs* aan hom die Hertzogprys in 1972. Dit word ook in 1970 met die WA Hofmeyr-prys bekroon. In *Siener in die suburbs* is iets universeel aan armoede: motorwrakke, goedkoop drank, geweld en buite-egtelike swangerskappe. PG du Plessis se dramas is tydloos. Boonop is *zef* skielik *cool*.

In 1973 verskyn *Plaston: DNS-kind*, wat die verhaal vertel van ’n seun wat chemies geskep is en dan na ’n klein dorpie geneem word. Dit is vir die radio verwerk en in 1993 uitgesaai.

Du Plessis verwerk Mikro se *Mattewis en Meraai* in ’n baie gewilde televisiereeks asook *Die wa-as*, *Gonnakolk, Die houtswaan* en *Die porseleinkat* vir die verhoog.

In *’n Seder val in Waterkloof* (1979) word die draak gesteek met die akademie en met bekende name en instansies. Die stuk is verfilm en is in 1994 op televisie uitgesaai.

Met sy *Koöperasiestories*, wat as ’n reeks op televisie uitgesaai is, kruip PG du Plessis nog dieper in die harte van die volk. Hy is saam met Jan Spies die aanbieder van die ewe gewilde televisieprogram *Spies en Plessie – met permissie*.

In 1987 stig du Plessis sy eie rolprentmaatskappy saam met die filmmaker Albie Venter. Films soos *Nag van die negentiende*, *Liewe hemel*, *Genis* en *Koöperasiestories: die moewie* vloei uit sy pen.

Intussen vestig PG en sy vrou Marie hulle op ’n plaas by Rysmierbult net duskant

Ventersdorp. Hier boer Marie en kan PG sy liefde vir houtwerk uitleef. Oor sy kroeg wat hy eiehandig op Rysmierbult gebou het, het hy verduidelik dat niemand in die omgewing gedink het dat jy iets met die kaiingklip op Rysmierbult kon bou nie. Hy het ook sy studeerkamer van klip gebou.

PG du Plessis het met sy *Fees van die Ongenooides* die Anglo-Boereoorlog uit verskillende hoeke benader: die impak daarvan op die lewens van die Afrikaanse vroue én mans, maar ook die impak daarvan op die lewens van die Britse soldate. Hierdie roman is met die WA Hofmeyr-prys asook die Helgaard Steyn-prys ter waarde van R450 000 bekroon.

In 1988 ontvang hy die FAK-prys vir Ontspanningsleesstof vir *Het olifante elmboë*? en in 2002 die Insig Afrikaans Onbeperk Pioniersprys. Sy eerste roman in Engels, *The married man's guide to adultery*, het ook in 1988 verskyn.

PG is getroud met Marie, dogter van die skoolhoof van die Hoërskool Fakkel waar hy onderwys gegee het. Die egpaar het twee kinders, Frits en Marieta, en vyf kleinkinders. Hulle het mekaar ontmoet toe Marie se pa skoolhoof in Johannesburg was en PG Afrikaans-onderwyser by dié skool. Die hoof vra toe of die jong onderwyser nie sy dogter, wat pas ná drie jaar uit Engeland terug was, wil saamnooi wanneer hulle pluimbal gaan speel nie. Met haar blou oë, wit pluimbalbroekie en mooi bene het sy PG se hart verower ...

Chris Barnard het op 'n keer van PG du Plessis gesê: "Hy is vinniger met die mond as Eitemal; hy is aardser as Opperman; hy is so gevat soos Kaspaas; hy is slimmer as die houtjie van die galg. Hy is 'n méns in die volste sin van die woord. En hy leef die lewe."

*(Verwerk en verkort uit http://www.litnet.co.za/pg-du-plessis-1934)*

**8** Gebruik die inligting in leesstuk **1** en **2** om die volgende opdrag uit te voer.

Skryf 'n opsomming in paragraafvorm van nie meer as **200** woorde nie waarin jy die belangrikste feite oor PG du Plessis se skryfwerk en prestasies saamvat. **[20]**

**9** Skryf 'n artikel vir julle skoolkoerant oor PG du Plessis as mens: sy lewe, sy belangstellings, sy persoonlikheid.

Jy moet van die inligting in beide leesstukke gebruik maak, maar ook jou eie interpretasie gee. Die lengte van die artikel moet ongeveer **250** woorde wees.

**[20]**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**